

Ordonnansie Vyftig

deur

DR. D. J. P. HAASBROEK

KLINK dit nie vir u paradoksaal nie dat die Afrikaner beswaar gemaak het teen die gelykstelling wat deur Ordonnansie 50 teweeggebring is, maar teen die vrystelling van slawe wat tog ook op die gedagte van die prinsipiële gelykwaardigheid van alle mense neergekom het, geen beswaar gehad het nie?

Die doel van hierdie artikel is dus om 'n herwaardering van die Afrikaner se houding teenoor Ordonnansie 50 te maak.

Ten einde die Afrikaanse kolonis se houding te bepaal, moet 'n mens let op die wetgewing wat voor die koms van die sendelinge in swang was. Vir sover dit die sendelinge betref, moet die aandag ook gevestig word op daardie rewolusionêre idees wat as reaksie op 'n standemaatskappy gevolg het, bv. dat wette tot voordeel van die grootste getalle gemaak moes word en nie vir stande of groepe nie.

Met die koms van Jan van Riebeeck is die Hottentotte nie as 'n deel van die bevolking erken nie. Daar is slegs met hulle handel gedrywe en hulle is nie as arbeiders gebruik nie omdat hulle onbevoeg daarvoor was. Verder is opdrag aan die koloniste gegee om die Hottentotte nie aanstoot te gee nie maar om ter wille van rus en orde en veral die veeruilhandel op vriendskaplike voet met hulle te verkeer. Namate die koloniste die Kolonie al dieper ingetrek het, het die nomadiese Hottentotte uitgewyk, en as gevolg hiervan en twee ernstige pokke-epidemies, is hulle swak stamlewe verbrokkel. So is een van die Kolonie se ernstigste probleme, nl. leeglopery geskep. Baie Hottentotte het by boere op hulle plase gaan werk maar duisende andere het 'n rondloperbestaan gemaak.

Volgens die Hollandse wette aan die Kaap was die nie-blankes in teorie onafhanklik en vry om hulleself te regeer: hulle kon gaan waar hulle wou, solank hulle net nie op persone se private besittings inbreuk gemaak het nie. Met hulle persoonlike vryheid is geen bemoeienis gemaak nie, behalwe in die geval van kinders wat gebore is van Hottentotmoeders en slawevaders. In so 'n geval kon die eienaar van die slaaf aanspraak op die kind maak wanneer hy 18 maande oud was. Verder sou daar volgens 'n besluit van 29 Junie 1787 'n wakende oog gehou word oor nie-blankes wat in die omgewing van dorpe gewoon het. Hulle het alleen onder die jurisdiksie van die hof gekom wanneer die belange van blankes daarby gemoeid was. Behalwe moorde het die howe vir blankes geen aandag aan oortredings van die Hottentotte in hulle eie geleedere gegee nie. Verder was hulle nie verplig om belastings te betaal of om enige openbare diens te verrig nie.⁽¹⁾ Prakties het dit daarop neergekom dat die Hottentotte nie minder regte as blankes gehad het nie.

(1) Theal, G. M.: *History of S.A. from 1795 — 1872*, Vol. I, pp. 234-235.

Omdat die sendelinge die Hottentotte teen die „willekeurige optrede” van die koloniste wou beskerm, het hulle daarop aangedring dat die Hottentotte as deel van die bevolking beskou moes word en onder die beskerming van die landswette geplaas moes word. Ook die Britse bewind kon dit nie langer duld dat daar ’n bevolkingsgroep binne die Kolonie se grense was wat nie aan die landswette onderworpe was nie.

Die vraag was nou watter posisie die Hottentotte in die maatskappy sou inneem. Die sendelinge wat teen stande gekant was, het natuurlik ’n individualistiese maatskappy in gedagte gehad, terwyl die Goewerneur, op aanbeveling van kolonel Collins, die Hottentotte as ’n spesiale groep binne die maatskappy wou behandel. Die gevolg was dat die Hottentotte met die uitvaardiging van Caledon se paswet van 1809 wel ’n erkende deel van die bevolking geword het, maar onderwerp is aan sekere beperkings ten opsigte van woonplek, werkkring en beweging waaraan die blanke koloniste nie onderworpe was nie.

Hierdie wet van Caledon het prakties op ’n soort „standewet” neergekom, want dit was nie op die hele bevolking van toepassing nie. Boonop het sendeling-filantropie die beperking wat daar op woonplek en beweging gelê is, as ’n soort slawerny beskou. So ’n wet sou volgens hulle ’n deel van die bevolking onderdruk het en dit vir die koloniste moontlik gemaak het om goedkoop werkvolk in die hande te kry. Vervolgens het hulle klagtes versamel om die bewindhebbers te oortuig dat die paswet ongewenste resultate afgewerp het. Die Rondgaande Hof het die klagtes ondersoek, maar aangesien ’n hof slegs die wet interpreteer en nie ’n beleid kan kritiseer nie, het die sendelinge niks met hulle klagtes bereik nie.

Die sendelinge van die Londense Sendinggenootskap onder leiding van dr. Philip het hulle stryd teen die genoemde ordonnansies nie laat vaar nie. Dr. Philip se vernaamste argument was dat die koloniste ten gunste van die ordonnansies was omdat hulle daardeur werkvolk kon kry, en dat die koloniste teen die sendingstasies gekant was, nie omdat dit ’n broeines van euwels was nie, maar omdat die sendingstasies dit vir die koloniste moeilik gemaak het om goedkoop werkvolk te kry. Hy het die skaarste aan arbeiders ook toegeskryf aan die feit dat slawehandel in 1807 stopgesit is. Hier sal dus op die verskil tussen burgerlike regte en *vagrancy* gelet moet word aangesien die skynbare behoefte aan werkvolk en die leeglopery van die Hottentotte ineengestremel geraak het.

Toe dr. Philip sy doel nie deur middel van die Goewerneur kon bereik nie, het hy na Brittanje gegaan om sy saak daar te bepleit. Terwyl hy daar was, het waarnemende goewerneur Richard Bourke op aanbeveling van Andries Stockenström, Ordonnansie 50 uitgevaardig. In die goewerneur se brief onder datum 27 Julie 1828 aan die Britse Koloniale Sekretaris het hy geskrywe dat die ordonnansie eers saamgestel is „after much consultation with those persons whom I considered to be best acquainted with the condition of the people for whose benefit it has been passed”.⁽²⁾ Daar was ook geen teenkanting van die Raad van Advies nie, want volgens die amptelike notule het hulle slegs besluit dat dit gepubliseer moes word.⁽³⁾

Ordonnansie 50 het op 25 Julie 1828 in die *Government Gazette* verskyn en het o.a. bepaal dat „Hottentots were no longer to be subjected to any compulsory

(2) G.H. 23/8: no. 35 van 22.7.1828.

(3) *Council Book*, Vol. II: vergadering van 17.7.1828.



DR. JOHN PHILIP. (Foto: Kaapse Argief.)

service to which His Majesty's subjects are not liable, nor to any hindrance, molestation, or punishment of any kind whatsoever, under the pretence that such a person has been guilty of vagrancy".⁽⁴⁾

Ons sien dus dat daar baie pertinent na *vagrancy* verwys word, dus het daardie euwel 'n kardinale rol by die opstel van die ordonnansie en in die verhouding van blankes en nie-blankes gespeel. Hier kan ook daarop gewys word dat volgens die aanbevelings van Stockenström, Bourke aan die Raad van Advies gesê het „it has now become more than ever necessary that measures should be taken for passing a general vagrant act”.⁽⁵⁾ Hiervan het om die een of ander rede niks gekom nie.

Die persone wat tot op hierdie stadium 'n rol in die saak gespeel het, het dit sonder raadpleging van verreweg die grootste gedeelte van die Kaapse koloniste gedoen, en ons kan dus aanneem dat die koloniste niks daarmee te make gehad het nie. Daar kon egter geen moontlike proteste hierteen in die

(4) Aangehaal by Theal, G. M.: a.w., Vol. II, p. 81.

(5) (a) Council Book, Vol. II: vergadering van 17.7.1828.

(b) Stockenström, A.: *Autobiography*, Vol. I, p. 286.

openbare pers en met name die *South African Commercial Advertiser* verskyn nie, omdat hierdie koerant sedert 10 Mei 1827 in die ban gedoen is en nie voor 3 Oktober 1828 weer verskyn het nie. Tog vind ons dat die eerste brief teen die ordonnansie eers vyf maande na publikasie daarvan in die *Government Gazette*, op 20 Desember 1828, in die koerant verskyn het. Intussen het die *S.A. Commercial Advertiser* in sy uitgawes van 3 Oktober, 29 Oktober en 12 November 1828 die saak bespreek en aanhalings van Britse koerante geplaas. Die redakteur het na die ordonnansie verwys as die „Magna Charta of the colored population of the Cape” en vervolg: „All classes of the community will soon feel the advantage of equal rights, without which human society is but an organized system of plunder and injustice”.⁽⁶⁾

Op 12 November 1828 het die *S.A. Commercial Advertiser* daarop gewys dat hierdie ordonnansie nou eintlik twee aparte nasies in die Kolonie erken, want deur spesifiek die Hottentotte se regte te definieer, maak dit ’n onderskeid tussen die groepe. Hy het betoog dat daar net een wet vir alle vrye persone behoort te wees. „To bend the law to suit the supposed prejudices or interests of particular classes, shows a narrow and confused understanding.” Die hele ordonnansie behoort herroep te word en deur die woorde van regter Burton, wat hy op Uitenhage gebesig het, vervang te word: „There is but one law for you and for them.”

Soos reeds vermeld, het die eerste brief teen die betrokke ordonnansie eers op 20 Desember 1828 in die openbare pers verskyn. Dit was afkomstig uit Graaff-Reinet en daarin het die skrywer op die volgende gewys: omdat die Hottentotte nou vry is, is hulle „entirely unsubjected to vagrant laws without any visible means of subsistence, except stealing”.⁽⁷⁾ Hy het ook vermoed dat ’n versoekskrif opgetrek sou word, „praying for the formation of some laws for the prevention of vagrancy”.⁽⁸⁾

In ’n brief deur *Albany Farmer* geskrywe, kla hy ook oor diefstal van die Hottentotte en sê: „Nobody wishes to impose compulsory service on the Hottentots or other free persons of colour; nothing more is desired than that some law may be enacted to compel those persons to live honestly. The ordinance for improving the condition of the Hottentots and other free persons of colour, has tended to promote idleness and disorderly conduct”.⁽⁹⁾

In sy antwoord op eersgenoemde skrywer se besware het die redakteur geskryf: „You have no natural right to his service or to that of any man . . . his labour being as much his own property as oxen and sheep are yours”.⁽¹⁰⁾ Hy meen dat daar genoeg wette was om misdad te straf en dat ’n luiard deur honger verplig sou word om te werk. Hy het daarop gewys dat kokke en bediendes in Kaapstad van £18 tot £27 per jaar verdien het, maar dat die plattelandse bediendes slegs van £1.16.0 tot £2.14.0 per jaar verdien het, en dan het hulle boonop baie moeite gehad om hulle loon van die werkgewer te kry. Vir hom het die oorsaak van die leeglopery derhalwe in lae lone gelê.⁽¹¹⁾

’n Ontleding van die saak kom daarop neer dat die skrywers geen beswaar teen die skenking van burgerlike regte aan die Hottentotte gehad het nie:

(6) *S.A. Commercial Advertiser*, 3.10.1828.

(7) *Ibid.*, 20.12.1828.

(8) *Ibid.*

(9) *Ibid.*, 27.12.1828.

(10) *Ibid.*, 24.12.1828 en 2.1.1829.

(11) *Ibid.*, 7.2.1829.

hulle verwys nie na grondbesit, militêre diens, godsdiensvryheid, vryheid van spraak, vryheid van handel, gelykheid van behandeling deur die howe, onderwys of betaling van belastings nie, maar vra slegs dat wette gemaak moes word om leeglopery te belet ten einde diefstal van private besittings te verhoed. Met so 'n wet teen leeglopery het hulle skynbaar dieselfde doel voor oë gehad as wat Bourke en Stockenström gehad het toe die ordonnansie aanvanklik uitgevaardig is: „It has now become more than ever necessary that measures should be taken for passing a general vagrant act”.⁽¹²⁾

Daar is egter om een of ander rede nie dadelik 'n leegloperwet uitgevaardig nie en om die leeglopery van Hottentotte te bekamp, het Stockenström die Katriviernedersetting gestig. Die Hottentotte kon uit die aard van hulle wese, nie bly waar hulle geplaas was nie. Hulle rondlopery het dus gou weer 'n agitاسie om leegloperwette op tou gesit. Enige leegloperwet is egter heftig deur dr. Philip bekamp, omdat hy daardie soort wet as standewetgewing, wat daarop gemik was om 'n deel van die bevolking te onderdruk, beskou het. Wetgewing van hierdie aard moes noodwendig teen die politieke beskouinge van daardie tyd ingedruis het, afgesien van die kleur van die persone wat daardeur getref is. Gevolglik is niks gedoen om die koloniste teen leeglopers te beskerm nie.

Sedert die instelling van Ordonnansie 50 was daar dus 'n stryd tussen die koloniste en sendelinge oor leegloperwette en nie oor gelykstelling nie. Soos reeds aangedui, was die Hottentotte sedert die stigting van die verversingspos, met uitsondering van die tydperk 1809 tot 1828, nie ondergeskik aan die koloniste nie, en daarom is dit aanneemlik dat hulle besware slegs teen leeglopery gemik was.

Die gevolgtrekking ten opsigte van gelykstelling is geensins radikaal nie, as 'n mens die opvattinge van die koloniste oor die vrystelling van slawe, hulle persoonlike besitting, in gedagte hou. Hulle beswaar was slegs teen die manier van vrystelling en die finansiële verliese wat gely is. Om dus 'n beswaar te hê teen die vrystelling van Hottentotte wat nie hulle persoonlike besitting was nie, sou wel eienaardig wees. Van die aankoms van Jan van Riebeeck was dit selfs 'n gewoonte om nie-blanke Christene toe te laat om saam met die blanke gemeentelede kerkdienste by te woon. Tydens die sinode van 1829, d.w.s. dieselfde jaar toe die verskansing van Ordonnansie 50 in die *Government Gazette* van 3 Julie 1829 bekend gemaak is, het 'n beskrywingspunt ter sprake gekom dat „er bij alle Kerken uniformiteit moge plaats hebben in de toediening van het H.Avonddmaal aan personen van de kleur, die door het doen van belijdenis en de toediening van den H.doop tot leden der kerke zijn aangenomen” en dat dit „te gelijk met geborene Kristenen en niet afzonderlijk” moes geskied. Die sinode het besluit dat die gelyktydige bediening van alle rasse aanvaar moes word „als een onwrikbaar stelregel op het onfeilbaar Woord van God gegrond behoord aan te merken; dat bij gevolg alle Kristen Gemeenten en elk Kristen in het bijzonder verplicht is overeenkomstig dezelve te denken en te handelen”.⁽¹³⁾

Neem hierby die optrede teen nie-blanke kinders in openbare skole. Cory skrywe die volgende in hierdie verband: „The mixing of European and native

(12) (a) Council Book, Vol. II: vergadering van 17.7.1828.

(b) Vergelyk ook voetnoot 5(b).

(13) Aangehaal by Scholtz, G. D.: *Die Gesk. van die Nederduitse Hervormde of Gereformeerde Kerk van S.A. 1842 — 1885*, p. 15.

children (including those of slaves and Hottentots) in school was the ordinary procedure . . . The Lieutenant-Governor, Major-General Bourke, in writing to the Landdrost of Albany in October, 1827, in connection with the unsatisfactory state of the two free schools in Grahamstown, said: 'The distinction between white and coloured children is not observed in any of the other free schools in the Colony that I am aware of and should if possible be avoided.'⁽¹⁴⁾ Volgens die landdros van Graaff-Reinet het kinders van die verskillende rasse na dieselfde skool gegaan: „ . . . at Graaff-Reinet children of colour mixed indiscriminately with others without calling forth any remonstrance . . . ”⁽¹⁵⁾

As dit die optrede teenoor gekleurdes in kerk en skool was, dan verbaas dit 'n mens nie dat selfs nie een van Piet Retief se redes vir die Groot Trek enigsins 'n verwysing na die misgunning van burgerlike regte aan die nie-blankes bevat nie. Hy kla oor inwendige beroeringe, die manier 'van vrystelling van slawe, stelselmatige en aanhoudende plundering deur Kaffers en ander Kleurlinge, en die „onregverdige blaam wat daar op ons gelê is deur belanghebbende en oneerlike persone, onder die dekmantel van godsdiens — persone wie se getuienis in Engeland geglo word tot uitsluiting van alle bewysmiddele in ons voordeel”.⁽¹⁶⁾

Om nou te beweer dat „die gelykstellingspolitiek van die Engelse regering onder filantropiese en liberalistiese invloed, wat sy toppunt in Ordonnansie 50 van 1828 bereik het, teen die fundamentele opvattinge van die Afrikaners indruis”,⁽¹⁷⁾ is nie die volle waarheid nie. „Bewysmiddele in ons voordeel” dui daarop dat die koloniste nie teen die burgerlike regte van die nie-blankes was nie, maar teen die misdaad van daardie rasse — misdaad wat hoofsaaklik uit leeglopery voortgespruit het. Die stryd het immers gegaan oor watter plek die Hottentotte binne die maatskappy sou inneem en of hulle aan spesiale wette onderwerp sou word ten einde leeglopery te bekamp. Die sendelinge en filantropie was van mening dat dieselfde wette op almal van toepassing moet wees, terwyl sommige goewerneurs en die koloniste van mening was dat 'n spesiale leegloperwet vir die nie-blankes nodig was.

(14) Cory, G. E.: *The Rise of South Africa*, Vol. II, p. 213.

(15) *Ibid.*

(16) V. d. Walt, Wiid en Geyer: *Geskiedenis van S.A.*, deel I, p. 268.

(17) *Ibid.*, p. 274.

N.S.: Hierdie artikel is gebaseer op navorsingswerk vir my D.Phil.-proefskrif: *Die ontstaan van die nie-blanke stemreg en die verskansing daarvan in die Suid-Afrika-Wet, 1908*. Universiteit Stellenbosch.

Verbetering

Die bydrae van S. P. Jordaan (Historia III, 4, bl. 230), moet soos volg getiteld wees: „Die Fort op die Plaas Keerom”.